

**GELOFTEFEESVIERING 16 DESEMBER 2016
BELVILLE GELOFTEFEES.**

DIE LIEDERE VIR DIE VOORAF SANG:

Toe daar vir my gevra is om ook die vooraf sang te lei het ek my laat lei deur te kyk na meer bekende Psalms wat die Voortrekkers gedurende die Groot Trek en voor die Bloedrivier gebeure gesing het.

Uit die aard van die saak was die Hollandse Psalms van destyds op heelparty plekke anders berym, maar die boodskap van die Bybelse Psalms is steeds soos ons dit vandag het. Die verse is dus nie presies dieselfde verse wat hulle daardie dag gesing het nie, maar juis die berymde gedeeltes wat ooreenstem.

Kom ons begin met Psalm 48:1 wat ook by die Voortrekkers baie geliefd was. Hulle was voortdurend op hulle trek en veral met groot besluitnemings deeglik bewus van God se grootheid as Koning oor die hele wêreld. Sy lof het hulle ook elke aand met huisgodsdienste besing. En tydens gevare was hulle danksy God se genade deeglik bewus van Hom as die enigste Rotsburg. Dit is die enigste plek van skuiling waar jy veilig is.

Psalm 48:1 (SING)

Die Heer is groot waar Sions top
Hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe
Die berg en stad in songlans bewe,
En Sion teen die Noorde
blink, bo die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit
die Koning van die wereld sit,
het Hy, wat teen die vyand waak,
as rotsburg Hom bekend gemaak

Psalm 99 is spesifiek gesing op 11 Junie 1837 toe Piet Retief sy ampseed in die kerk bevestig het en afgelê het om leier van die Voortrekkers te wees, met die titel goeweneur en opperhoof. Veral die bewoording soos ons dit het in vers 4, het daardie dag groot betekenis gehad, want Piet Retief, die nuwe leier slaag daarin om die twis tussen Potgieter en Maritz te laat bylê en versoening met Piet Uys te bewerkstelling.

Nuwe lig het vir die Voortrekkers deurgebreek.

Kom ons sing **Psalm 99 verse 1 en 4** in Totius se beryming.

1

God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer,
eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel.
Aarde=en al wat lewe / laat dit voor Hom bewel!

4

Bidders het gepleit / in die worstelstryd;
daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou:
heil'ge lewensorde / hul van God geworde

Psalm 38 was na die aflê van die gelofte te Danskraal vir die Voortrekkers geweldig groot van waarde. Daar word beweer dat hierdie Psalm 38 daagliks in hulle godsdiensoefeninge gefigureer

het. 'n Mens kan dus byna die gevolgtrekking maak dat van die aflê van die gelofte op 9 Desember tot en met die geveg op 16 Desember was dit die gebed wat in sang na die Here opgegaan het.

Kom ons sing:

Psalm 38:1, 8 en 17 (SING)

1

Straf tog nie in ongenade my misdade,
HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie en U wreek nie
op my sonde=en sondeskuld.

8

HEER, U weet hoe hart en sinne staan daarbinne
as ek worstel in my leed.
Voor U is my sugte=en sorgie nie verborge,
daar U alles sien en weet.

17

Wil my, HEER, in hierdie lewe nie begewe;
wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, o Bevryder
wat my altyd uit wou red!

Volgens oorlewering was dit **Psalm 3** wat die aand van 15 Desember uit die laer weerklink het toe dit duidelik was dat 'n geveg onvermydelik was. Op daardie stadium is gevrees dat die aanval juis in die nag sou plaasvind. Die Zoeloes het gereageer op hierdie Psalm (en andere wat daardie aand gesing is) deur terug te sing, in Afrikaans vertaal:

Sing maar, want môre sterf julle.

Hierdie Psalm is redelik onbekend en is daarom 'n vingerwysing na ons dat ons die skat wat ons in die Psalms het te veel verwaarloos.

Ek lees aan u voor

Psalm 3 verse 1 en 2.

1

Hoe groei my teenparty!
Hoe dring hul naderby!
Ek hoor al hoe hul laster:
"Hy het geen heil by God."
Hul hoon my met hul spot
en keer my altyd vaster.
Maar U sal hulle stuit;
U voer die oorlog uit,
my God, my skild, my ere!
U hef, trots hul gerug,
my hoof weer in die lug,
want U verhoor my, HERE!

2

Van God se trou bewus,
was slaap my veil'ge rus
tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees,

hoe sterk hul ook mag wees
 wat my rondom genaak het.
 Staan op, verlos my, HEER!
 Verbreek hul tande weer!
 U tem die oorlogsvolke!
 Aan U die heil alleen!
 Stort op u erf 'n seen
 soos druppels uit die wolke.

Die Voortrekkers het op hulle trekpad en op hulle reispad baie moes stry om die geloof te behou. Daar was telkens gebeure wat gedreig het om hulle moedeloos te maak. **Psalm 42:1 + 7** is 'n psalm wat hulle graag laat sing het en self gesing het as hulle so moes stry om die geloof te behou. Laat dit ook vandag vir ons daardie betekenis hê dat ons na God smag in tye wat ons self ook maar moedeloos raak.

Kom ons sing ten slotte

Psalm 42:1 en 7 (SING)

1

Soos 'n hert in dorre streke
 skreeuend dors na die genot
 van die helder waterbeke,
 skreeu my siel na U, o God!
 Ja, my siel dors na die HEER,
 na die Lewensbron; wanneer
 sal 'k, ná swerftog en benouing,
 God weer sien in klare=aanskouing?

7

O my siel, waarom onrustig?
 En wat buig jy jou in my?
 Waarom in Gods lof onlustig
 as dié spotstem jou bestry?
 Menigmaal het Hy jou druk
 laat verwissel in geluk.
 Hoop op God, in Hom weer rustig!
 In sy lof sal 'k my verlustig.

**'N KORT HISTORIESE SKETS VAN DIE GEBEURE WAT UITGELOOP HET
OP 16 DESEMBER 1838**

In DIE GELOFTE staan spesifiek:

"dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte"

Daarom wil ek met die vertelling my spesifiek tot die kinders rig. Ek wil dit kort hou en tog die belang-rikste sake dek, veral die Voortrekkers se afhanklikheid voor God en volkome geloofsvertroue op God.

Ons volksgeskiedenis begin op 6 April 1652 toe Jan van Riebeeck met drie seilskepies die Kaapse Baai binne gevaar het. Van die godsdienstige boeke wat hulle met hulle saamgeneem het, was daar die Statebybel, die Psalmboek en die Drie formuliere van Eenheid nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordste Leerreels. Kort nadat Jan van Riebeeck voet aan wal gesit het doen hy eers 'n gebed. Dit begin met: *"O barmhartige, goedertierene God en hemelsche Vader..."*

Op 6 April 1654, 2 jaar na hul landing, het Van Riebeeck die nedersetters voortgegaan met die volgende gelofte:

"Dit is vandag twee jaar gelede dat ons deur die heilige leiding van God met die skepe, Drommedaris, Reyger en Goede Hoop, veilig op hierdie plek aangekom het om hierdie fort en die kolonie na die bevel van hulle wat oor ons regeer; te bou en te vestig. Ons het opgemerk dat God die Here tot vandag toe met baie seëninge al die dinge wat ons wou doen laat slaag het. Toe het ons besluit, en ook die eerste keer daarmee begin/ om hierdie dag, die 6de April, tot Gods eer met danksegging te vier en dit vir altyd as 'n blywende dankdag en dag van gebed in te stel, sodat die weldade van die Here aan ons bewys, nooit deur ons nakomelinge vergeet mag word nie, maar altyd tot Gods eer in herinnering gehou mag word,"

So het die riviertjie van die Afrikanervolk begin vloei. Later het die Here in hierdie rivier 'n belangrike stroom laat invloei. Dit was die koms van die Franse Hugenote in 1687 en 1688. (35 jr na Van Riebeeck se koms) Mense wat vir hulle Gerefor-meerde geloof uit Europa moes vlug.

Die latere nageslagte het as Vryburgers op hul plase sôggens en saans die Bybel gelees en gebid. Tot in die verste voorposte was dit die geval, ook daar waar inboorlinge met hulle eerste plaas-aanvalle 'n groot probleem was.

Na die sesde grensoorlog in 1835 het daar 'n bloedspoor van verwoesting in die Oos-Kaap gelê. 40 boere is wreed vermoor, talle vroue en kinders is vermink. 416 plaasopstalle is afgebrand, duisende stuks vee is geroof of vermink.

Die trekgedagte het wydverspreid posgevat. Om die Kaapkolonie te verlaat en hulle in die wildernis te begewe, en daar blootgestel te wees aan allerhande ontberinge, aan siekte, aan skade en teëspoed, was vir die Voortrekkers 'n geloofsdaad.

Dit word baie treffend weergegee in die laaste artikel van Piet Retief se manifes waarin hy die redes opgee waarom die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat.

"Ons gaan nou weg van ons vrugbare geboorteland waarin ons groot skade en gedurige ergernis gelei het, en ons staan op die punt om 'n vreemde en gevaarlike gebied in te trek; maar ons gaan met 'n vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en barmhartige God wat ons altyd sal vrees en nederig trag om te gehoorsaam."

In 'n eerste onderhandeling tussen Piet Retief en Dingaan het Dingaan geëis dat in ruil vir die grond tussen die Tugela en die Mzimvuburivier wat Retief in besit wou neem, Retief eers die vee wat Sekonyela by Dingaan gesteel het, terug te besorg. Retief het hiertoe ingestem. Naby die teenswoordige Ficksburg het Retief sonder 'n enkele skoot die vee gevind en teruggebring. Op 25 Januarie 1838 vertrek Piet Retief met 72 manne waarvan vier nog seuns was om die vee aan Dingaan terug te gee en die grondtransaksie af te handel.

Nadat hulle die traktaat van grondafstand op 4 Februarie 1838 onderteken het, het Retief op aandrang van Dingaan nog twee dae oorgebly. Op 6 Februarie, die dag dat hulle sou vertrek word 'n laaste uitvoering van Zoeloedansers voor Retief en sy manne gelewer, nadat hulle eers ontwapen is.

In aangrypende en opwellende oorlogsdanse het die impi's al nader en nader na Retief en sy manne beweeg totdat Dingaan onverwags uitgeroep het: Bulalalani abathakathi! - maak dood die towenaars. Skielik is hulle oorweldig, vasgebind en buite die laer wreed vermoor terwyl Retief moes toekyk en laaste vermoor is

Vroeg die oggend van Saterdag 17 Februarie 1838 het 'n verspreide formasie Zoeloes in 'n enorme golf op die onwetende Voortrekkers toegesak.

Moordspruit en Wenen sal o.a. nog altyd die stille getuie wees van die wreedste en afgryslikste moorde en verwoesting.

41 Mans, 56 vroue en 185 kindertjies is wreed vermoor. Sommige gesinne is heeltemal uitgewis. Suigeling is in die arms van hul moeders met assegaaië deurboor; van die kindertjies is onthoof terwyl ander se hoofde teen wawiele of klippe verpletter is;

Cilliers, die voortrekker vertel hiervan:

"Ek was die ooggetuie van kindertjies met doeke wat nog in die arms van hulle moeders koelbloedig vermoor lê.. . Ek roep tot die Here en sê: O my God, sal die bloed van suigling dan nie gewreek word nie"

Daardie Sondagaand is deur Cilliers die volgende gebed gebid:

"Onse God vergeet en verlaat ons nie geheel en al nie. Ons erken dat u die Here vanuit die hemel op ons in genade neerkyk en dat U ons met krag versterk sodat ons, ons nog in die land van die lewendes bevind."

Vir hulle wat oorleef het was die toekoms ontsettend donker. Die onreg teen die uitgemoorde laers roep egter om straf. Op 6 April 1838 vertrek die eerste strafkommando bestaande uit 347 berede mans. Op 10 April is die kommando by Italeniberg in 'n bergkloof in 'n hinderlaag gelok. Die manne moes hulle pad oopskiet en tydens die geveg is 9 manne dood waaronder Piet Uys en sy seun, Dirkie.

Die Trekkers het hulle in hul nood tot Andries Pretorius gewend. Op 22 Nov 1838 arriveer die 39 jarige Andries Pretorius by die Voortrekkers

Teen 26 November 1838 is hy as kommandant-generaal en so as aanvoerder van die tweede strafekspedisie teen Dingaan en sy Zoeloe-impis aangewys. Hy het onmiddellik begin om die moedelose Voortrekkers moed in te praat, die dissipline op te knap en die strafkommando af te rig om die bekende strategie van 'n walaer met mobiele eenhede (perde) te kombineer.

In die dae was gebed net so deel van die Trekkers se oorlogs-voorbereiding as wat dit was

om koeëls te giet en beskuit in te pak.

Teen 28 November 1838, 'n week na sy koms, was Pretorius tevrede en het hy met 'n kommando van ongeveer 464 Voortrekkers en 64 waens teen Dingaan opgetrek. Elke aand is daar gereeld, vanweë die groot getal manne, in drie groepe saam aandgodsdien gehou. Sondae het die kommando as geheel vergader. Daar is dan gepaste Psalms gesing en is daar voorgegaan met prediking en gebed.

Gedurende die week van 2-8 Des. het Pretorius en Cilliers die gedagte van 'n gelofte met mekaar gedeel.

Op Woensdag **5 Desember 1838**, by Danskraal, is die saak van 'n gelofte die eerste keer met die kommando opgeneem. Na almal se inwilliging is die gelofte op Sondag **9 Desember 1838** na die oggend-erediens, by die Wasbank-rivier, vir die eerste keer afgelê.

Op Maandag **10 Desember** is die kommando die Wasbankrivier deur en het net suid van die huidige Dundee oornag. Daardie aand word die gelofte weer tydens die aandgodsdien bevestig. Dit sou elke dag gebeur.

Dinsdag, **11 Desember** net na die aandgodsdien en bevestiging van die gelofte begin 'n sagte misreën uitsak.

Woensdag, **12 Desember** was dit heeldag nat en reënerig. Die Voortrekkers het gou besef hoe weerloos hulle met nat kruid voor die Zoeloes kan wees. Die lees van die gelofte daardie aand moes sekerlik gepaard gaan met die diepe versugting dat dit net mag ophou reën.

Teen laat-oggend, Donderdag **13 Desember** trek die lug oop en die son breek deur. Dit bied groot verligting, maar terselfdertyd sien hulle 'n skouspel van rookseine. Die hele Zoeloland word opgeroep tot die stryd.

Vrydag, **14 Desember** is grootliks 'n herhaling van die 13de. Daar is baie Zoeloe beweging, maar dit is asof hulle telkens nader kom en weer terugtrek en so die Boere in 'n hindernis wil lei. Die dag word 'n harde oefening in dissipline. Niks onbesonne mag gedoen of nagelaat word nie.

Die diere kry kos en water. Die ammunisie word nagegaan en die kryt word droog gehou terwyl dit ook enige tyd bereikbaar moes wees.

Saterdag **15 Desember** het die 64 waens van die Buffelsrivier af oor 'n heuwelrug langs die Gelatokop getrek. Na die oostekant voor hulle, het 'n vlakte met die *Ncomerivier* (later Bloedrivier) gelê, Op die verste horison verder ooswaarts is die Nqutuheuwels omtrent 2 km ver.

In die vroeë middag, het Kommandant Hans de Lange (Hans Dons) en sy verkenner 'n groot Zoeloeleër teengekom.

Haastig is die geskikte plek om 'n laer te trek vasgestel vanwaar 'dié aanslag van die Zoeloes afgeslaan kon word. Jare later het Sarel Cilliers, geskryf: *"Ek moet dit veral meld hoe dat die Here in sy waaksaamheid oor ons die plek aangewys het waar die geveg moes plaasvind."*

Binne 'n halfuur was die laer voltooi. Om en by so groot soos 'n moderne rugbystadion met daar binne 700 trekosse, 500 perde en 470 manskappe.

Pretorius skat die Zoeloe mag op 15,000. Sy seun, MW Pretorius wat ook in die laer was se skatting was 30,000. In die laaste skemerlig hoor en sien die manne hoe die Zoeloes nader kom. Tussen die sang en voete-gedruis kom die Zoeloe-impis in hulle fyn vooraf beplande posisies.

In die walaer word finale bevele gegee. Dan is dit weer boekevat en die bevestiging van die gelofte. Daarna neem elke man sy plek in vir 'n moontlike nag-aanval.

Die hele nag deur bly dit mistig reën. Buite is dit stil met net die gedrup van die reën vanaf die waseile. 'n Aanval in die mistigheid sou vir die trekkers fataal wees, want die kruit moes droog bly. God hou egter sy hand wonderbaarlik oor hulle.

Op **Sondag 16 Desember 1838**, met die deurbreek van die eerste ligstrale gaan 'n skouspel voor hierdie Trekkers oop. Die Zoeloe impi's het in hulle hordes stelling ingeneem tot so naby as 50 meter van die laer. Dit was indrukwekkend en sekerlik tegelyk vreesaan-jaend

En dan so tussen 5 en 6 uur die oggend gebeur die verdere wonder. Die digte mis word, soos dit in daardie wêreld soms gebeur, as't ware deur die wind opgerol.

Dan is daar 'n skok stilte voor die geweld losbars en vir die oomblik dat die Zoeloes nog huiwer om die laer aan te val weergalm die twee skote uit Andries Pretorius se dubbelloop geweer. Dit word gevolg deur gesamentlike geweervuur en die Zoeloes se stormlope steier voor elke sarsie koeëls neer. Die veld om die laer word besaai met gewonde en gesneuwelde Zoeloes. Die Zoeloe-aanval word ontwrig en selfs die rivier lê vol gewonde en dooie Zoeloes en so kry die Ncomorivier die nuwe naam: Bloedrivier.

3,000 Zoeloes sneuwel terwyl aan die kant van die Voortrekkers, net drie manne, waar onder Andries Pretorius ligte wonde opgedoen het. Die uitslag van die geveg is 'n wonder van God.

Dan gebeur daar nog 'n wonder, Die grootste Zoeloe-leer wat hulle ooit gesien het, slaan op die vlug. Dit is ongekend in die Zoeloe-geskiedenis Vir all praktiese doeleindes vlug hulle van die dood, hulle eie dood tegemoet. Hulle is deur Dingaan gedood want 'n verlore impi is by hom 'n dooie impi.

Op 16 Desember 1838 ongeveer 12H00 die middag word die eerste dank en gelofte-diens deur die Trekkers in die laer gehou.

Wanneer die Trekkers op 21 Desember by Dingaanstat aankom aanskou hulle 'n verdere wonder. Sonder 'n enkele skoot vind hulle 'n verlate en uitgebrande stat. Tien maande na hulle moord word die oorblyfsels van Retief en sy manne gevind met die getekende traktaat nog in sy leersak. Op 25 Desember 1838 word hulle in 'n massagraf begrawe en het die Trekkers hulle tog voortgesit.

Alleen in hierdie wonderoorwinning lê die wese van ons gelofte ingebed. Voorwaar God regeer en Hy het wonderbaarlik ingegryp.

Laat ons hierdie besondere gelofte as volk met opregtheid in ere hou en ons kinders hierin laat deel so ook vir die opkomende geslagte

Aan God alleen die eer.

Ek dank u!

Bronnelys:

1. Bailey, A., Die Gelofte van 16 Desember 1838, 2002, Magister tesis ingedien by Universiteit van Pretoria.
2. D'Assonville, V.E.; Bloedrivier, 2008, Derde druk, Marnix Uitgewers.

3. De Jongh, P.S, Sarel Cilliers; 1987, Perskor-Uitgewery.
4. Du Toit J,L, en Du Toit Dr L.; Kort aantekeninge oor die 1838-Gelofte, 2008, Ongepubliseer.
5. Moller, Pieter; Vryheidstryd van die Afrikaner, 1999, Melanie Uitgewers.
6. Van den Berg, Mossie; Die Gelofte by Bloedrivier 1838, 1999, Radio Pretoria.
7. Van der Dussen, P.E.; Gedenk die groot dade van die Here; 2009, Rotsvas Uitgewers.
8. Van der Wateren, H; My Broeders en Landgenote, 2010, Spera Uitgewers.

Kom ons sing as voorloop tot ons erediens biddend

Die Onse Vader (Sing)

Ons Vader wat woon in die hemel,
Geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
Soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
En vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
Die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van u is die ryk en die sterkte en die ere
Vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

DIE OU PAAIE BIED SIELE-RUS

Tema: Christus is alleen die eeue oue weg waarop jy ware rus kan vind.

ONTMOETINGSDIENS:

1. Votum:

Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het en wat trou bly tot in ewigheid. AMEN

2. Gebed om God se seën:

Here, onse God en Hemelse Vader, skenk ons u Genade, barmhartigheid en vrede deur Jesus Christus en deur die kragtige werk van die Heilige Gees. AMEN

3. Lofpsalm: Psalm 23: 1

23:1

Net soos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters -
so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van sy geregtighede.

4. Geloofsbelydenis:

- (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
- (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
- (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
- (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;
- (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
- (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
- (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
- (8) Ek glo in die Heilige Gees.
- (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
- (10) die vergewing van sondes;
- (11) die opstanding van die liggaam
- (12) en 'n ewige lewe. **AMEN.**

VEROOTMOEDIGINGSDIENS:

5. Wet: Eksodus 20 (Daarna Psalm 25:2)

- 1 Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê:
- 2 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
- 3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
- 4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
- 5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;
- 6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

- 7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
- 8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.
- 9 Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;
- 10 maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie -- jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.
- 11 Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
- 12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.
- 13 Jy mag nie doodslaan nie.
- 14 Jy mag nie egbreek nie.
- 15 Jy mag nie steel nie.
- 16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
- 17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

6. Antwoord: Psalm 25:2

Leer my, HEER, u regte weë,
 wys die regte pad my aan;
 maak my hart daartoe geneë,
 om met lus daarop te gaan.
 Wil my deur u waarheid leer,
 lei my dwalende gedagte;
 want U is my heil, o HEER!
 U is ek altyd te wagte.

WOORDDIENS:

7. Gebed:

8. Sang: Psalm 33:1, 11

33:1

Sing vrolik, hef die stem na bowe;
 regverdiges, verhef die HEER!

Dit pas opregtes God te lowe
 en uit te jubel tot sy eer.

Laat die psalmgesange - / stem van sterk verlange
 om die HEER te dank -

by die smeltendskone / harp- en sitertone,
 liefde=en lof verklank!

33:11

In God, dié God wat ons beveilig,
 voel nou ons hart opnuut verblyd;
 en op sy Naam, ontsaglik heilig,
 vertrou ons tot in ewigheid.

Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader
 met 'n diep ontsag;

slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade
 as ons op U wag!

9. **Skriflesing: Jeremia 6**

- 1 Vlug, kinders van Benjamin, uit Jerusalem uit; en blaas die basuin in Tekóa, en hef 'n vuurteken op bo Bet-Hakkérem; want onheil dreig uit die Noorde en groot verwoesting.
- 2 Die mooie en die verwénde verdelg Ek--die dogter van Sion.
- 3 Herders met hulle troppe vee sal na haar toe kom; hulle slaan tente op teen haar rondom, hulle wei af, elkeen sover as hy kan bykom.
- 4 Heilig die oorlog teen haar! staan op, en laat ons optrek op die middag! Wee ons, want die dag gaan verby, want die aandskaduwees word langer!
- 5 Staan op, en laat ons optrek in die nag, en laat ons haar paleise verwoes!
- 6 Want so sê die HERE van die leërskaare: Kap haar bome af, en gooi teen Jerusalem 'n wal op; dit is die stad wat besoek word; binne-in haar is net verdrukking.
- 7 Soos 'n put sy water fris hou, so hou sy haar boosheid fris; geweld en verdrukking word in haar gehoor, siektes en wonde is gedurig voor my aangesig.
- 8 Laat jou tugtig, Jerusalem, dat my siel nie van jou vervreemd word nie, dat Ek jou nie 'n wildernis maak, 'n onbewoonde land nie.
- 9 So sê die HERE van die leërskaare: Hulle sal die oorblyfsel van Israel skoon afoes soos 'n wingerdstok. Slaan jou hand weer soos 'n druiwesnyer aan die lote!
- 10 Wie sal ek toespreek en waarsku, dat hulle kan hoor? Kyk, hulle oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die woord van die HERE is vir hulle 'n smaad, hulle het daar geen behae in nie.
- 11 Daarom is ek vol van die grimmigheid van die HERE; ek het my moeg gemaak om uit te hou. Giet dit uit oor die kinders op die straat en oor die versameling van jongmanne, oor almal; want ook die man saam met die vrou sal gevang word, die grysaard saam met die oue van dae.
- 12 En hulle huise sal oorgaan op ander mense, landerye en vroue, alles tesame; want Ek sal my hand uitstrek teen die inwoners van die land, spreek die HERE.
- 13 Want van hul kleinste tot hul grootste maak hulle almal onregverdige wins, en van die profeet tot die priester pleeg hulle almal bedrog.
- 14 En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! --terwyl daar geen vrede is nie.
- 15 Hulle kom in die skande, omdat hulle gruwel bedryf het; tog skaam hulle hul nie in die minste nie, tog weet hulle nie om te bloos nie. Daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek aan hulle besoeking doen, sal hulle struikel, sê die HERE.
- 16 So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.
- 17 Ek het ook wagte oor julle gestel en gesê: Luister na die geluid van die basuin. Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie.
- 18 Daarom, hoor, o nasies! En weet, o vergadering, wat onder hulle is!
- 19 Hoor, aarde! Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na my woorde het hulle nie geluister nie, en my wet, dié het hulle verwerp.
- 20 Waarom sou daar tog vir My wierook uit Skeba kom en die kosbare kalmoes uit 'n ver land? Julle brandoffers is nie welgevallig nie, en julle slagoffers is My nie aangenaam nie.
- 21 Daarom, so sê die HERE: Kyk, Ek gooi struikelblokke voor hierdie volk waaroor hulle sal struikel, vaders en seuns tesame; die buurman en sy vriend sal omkom.
- 22 So sê die HERE: Kyk, daar kom 'n volk uit die Noordland, en 'n groot nasie word opgewek uit die agterhoeke van die aarde.
- 23 Boog en lans hanteer hulle; hulle is wreed en sonder barmhartigheid; hulle stem bruis soos die see, en hulle ry op perde, gewapend soos 'n man vir die oorlog, teen jou, o dogter van Sion!
- 24 Ons het die gerug daarvan gehoor, ons hande het slap geword, benoudheid het ons aangegryp, smart soos van een wat baar.
- 25 Gaan nie uit in die veld en loop nie op die pad nie; want die swaard van die vyand is daar, skrik

rondom!

26 Dogter van my volk, omgord jou met 'n roukleed en wentel jou in die as; bedryf rou soos oor 'n enigste kind, 'n bitter rouklag; want skielik kom die verwoester oor ons.

27 Ek het jou onder my volk as toetser gestel, as vesting, dat jy hulle weg kan ken en toets.

28 Hulle is almal die oproerigstes van die oproeriges wat omgaan met kwaadsprekery; koper en yster is hulle; hulle handel almal verderflik.

29 Die blaasbalk blaas hard; wat uit die vuur gereed kom, is lood; tevergeefs hou hulle aan met smelt, maar die slegtes word nie afgeskei nie.

30 Hulle word genoem: Verworpe silwer; want die HERE het hulle verwerp.

11. **Teks: Jeremia 6:16**

16 So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.

12. **Preek:**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Op watter pad bevind jy jou en op watter pad bevind ons as volk ons, juis ons wat met 'n gelofte aan God gebind is?

In vandag se wêreld met al sy gevare van moord en geweld kan die vraag 'n lewensbelangrike vraag word. Die pad waarop jy jou mag bevind kan jou jou bring na uiters gevaarlike situasies waarin jou lewe vir sekere mense nie 'n sent werd is nie.

Hierdie vraag: Op watter pad bevind jy jou? Is nie bedoel vir wanneer jy met 'n motor of bus bietjie gaan rond toer nie. Die vraag is bedoel ten opsigte van die rigting wat jy in jou geloofslewe inslaan?

In die geskiedenis van die HERE se kerk op aarde asook in die geskiedenis van ons as volk is daar telkens besin oor die pad vorentoe.

Teenoor die donker Roomse pad met 'n geslote Bybel het Luther weer die pad begin loop van die evangelie van verlossing in Christus. So het die oop Bybel weer die lig geword op sy pad en op die pad van die HERE se kerk.

Ook die Voortrekkers moes dikwels besin oor die pad wat hulle moet inslaan. Nadat hulle nie meer die Engelse juk in die Kaap en die wrede aanvalle van inboorlinge kon verdra nie is biddend besluit op die pad na Vryheid en Reg, die binneland in.

En na die wrede moorde op Piet Retief en die ander laers by Bloukransrivier, Moordspruit (in die omgewing van die hedendaagse Wene, Colenso en Estcourt) moes daar weer biddend en met die Bybel in die hand besin word oor die pad vorentoe. Toe is daar besluit op die strafkommando, gevolg deur die gelofte aan die HERE

Vandag met baie veranderde situasies bly God se oproep en belofte vir sy kerk en vir ons as volk onveranderd.

So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel.

Kom ons luister eers na hierdie oproep van die HERE in Jeremia se omstandighede.

Die **OMSTANDIGHEDE** was baie donker. Die volk was verdeel in die tienstammeryk en die tweestammeryk.

Die tienstammeryk het met hulle pad vol afgode die HERE so kwaad gemaak, dat Hy hulle oorgegee het aan vyande. Uiteindelik het hulle geëindig op die pad van ballingskap. Hulle is in die vreemde weggevoer.

Die oorblywende tweestammeryk se pad waarop hulle hul bevind word met reffende beelde vir ons beskryf.

In **v.9** praat die HERE van hulle soos van 'n wingerdstok waaraan Jeremia druiwe moet gaan soek. Maar daar is geen druiwe nie – daarmee word gesê: daar is geen vrugte van dankbaarheid en liefde by hulle gevind nie.

In **v.10** gee Jeremia die rede daarvoor. Hulle het onbesnede ore. Dit beteken hulle ore was doof vir die Woord van die Here. Die HERE kan deur sy dienskneg maar praat en praat, dit skeel hulle nie. Hulle doen buitendien net wat hulle wil, ongeag wat die HERE sê.

Daarby maak hulle oneerlike wins, hulle pleeg bedrog. Selfs die kinders leer van kleins af om net aan hulle self te dink en van die HERE en van hulle naaste word gou vergeet.

En moenie 'n fout maak nie - by die tempel is daar nog elke dag baie bedrywighede. In **v.20** lees ons hoedat wierook selfs spesiaal ingevoer word. Daar word nog gereeld geoffer en gebid, maar dit is alles net vir die skyn. Dit is net 'n uiterlike godsdienst sonder daardie opregte lewende hartklop vir die Here.

Die pad van die tweestammeryk word nou duidelik: Die volk in Jeremia se tyd het besluit om hulle eie pad te loop. Hulle het nie belang gestel in die ou paaie van die Here nie

Maar wat is hierdie **OU PAAIE** waarheen die HERE sy volk oproep.

In die Hebreeus word daar gepraat van die "**ewige paaie**". Dit is paaie wat lankal deur die HERE vasgelê is: Dit is m.a.w. beproefde paaie, paaie wat standhoudend is en nie verander nie.

Hier kan ons eerstens dink aan die pad volgens God se Verbondswet. Die Wet is die baken wat die Here vir die lewe van sy kinders opgerig het.

As ons dit vergelyk met ons hedendaagse snelweë, kan ons sê dat elke gebod deel vorm van die ononderbroke geel waarskuwingslyn wat die HERE op die ou gevestigde pad teken.

Geen afgodery, geen beelddiens, geen ydele gebruik van die Naam van die HERE, geen ontheiliging van die Sabbatdag. Om hierdie duidelike geelstreep te ignoreer is lewensgevaarlik.

Vandag is dit skreiend hoe ons as Afrikaners hierdie geelstrepe van die Here ignoreer. Kinders ontvang hulle onderwys en hulle opvoeding baie keer nie meer in die vrese van die HERE nie. Daarby hoor ons hoe die HERE se Naam gruwelik in geselskappe en op ons TV programme gelaster word. Sabbatsontheiliging word byna iets van 'n normale lewe. Dit is duidelik dat die ou paaie in 'n nuwe Suid-Afrika vir baie vergete is.

Daarby is die bane op die ewige pad van die Here duidelik aangedui: Eer jou vader en jou moeder, respekteer die lewe van jou naaste, respekteer die huwelik, respekteer die eiendom en die goeie naam van jou naaste.

Kortom, jy moet God liefhê bo alles en jou naaste soos jouself.

Wie hierdie bane ignoreer sal die pad mis en ewig verongeluk. In baie opsigte lyk ons volk soos 'n verongelukte volk wat die pad verloor het

Hierdie ou paaie is ook die pad soos aangedui deur die profete van die Ou Testament (Lukas 16:29). Profete word deur die Here gestuur om die volk onder spesifieke omstandighede aan die

geboorte van die HERE te herinner en die pad van God se kind helder te belig. Baie keer is die volk ook ernstig deur profete gewaarsku wanneer hulle hierdie pad byster raak.

Met die HERE se ou paaie moet ons ook dink aan die pad soos aangedui deur God se werke. In Psalm 78 word ons opgeroep om na die roemryke dae van die HERE in die geskiedenis te kyk en dit aan ons kinders te vertel. Die volk Israel moet maar net in hulle eie -verlede delf. God het hulle altyd deur alle gevare en nood gedra - eers uit Egipteland en later uit die ballingskap.

Ook ons as volk moet ons geskiedenis nie vergeet nie. Dit is tog duidelik waar ons wortels geleë is. Dit loop baie sterk vanuit die 16de eeuse kerkreformasie. Daarom het Jan van Riebeeck met die Bybel, die Psalmboek en die drie Formuliere van eenheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls) op 6 April 1652 by die Kaap aan wal gegaan.

Dan volg die Groot Trek, die slag van Bloedrivier, die ontstaan van die Boere-republieke. Al hierdie dinge is nie net blote feite uit die geskiedenis nie. Dit bring ons onder die indruk van God se groot dae in ons eie geskiedenis en die pad wat ons moet loop met die Evangelie van Jesus Christus in hierdie Donker Afrika.

Om saam te vat: Wat is die ou paaie van die HERE?

Dit is die HERE se duidelike wil, soos Hy dit dwarsdeur die Bybel en ook in gebeure van elke dag aan ons bekendmaak. Dit is paaie wat dwarsdeur die eeue dieselfde bly en nie verander nie, daarom is dit goeie, bekende en betroubare paaie. Dit is veilige paaie waarop ons voorouers in die geloof geloop het en waarop ons in vrede verder mag loop.

Daarom moet ons ook ernstig aandag gee aan **GOD SE ROEPSTEM** om na hierdie ou paaie terug te keer.

In ons teksvers word vier bevels gegee wat aandui wat die roeping van die gelowige met betrekking tot die ou paaie van die HERE is:

Staan op die weë, en **kyk** en **vra** na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en **wandel** daarin

Die eerste bevel: ***Staan op die weë.***

Dit beteken: Leef nie met 'n dolle gejaag blindelings en onbesonne voort nie, maar hou kort-kort stil. Maak voorraad-opname:

- Vra jouself eerlik af: Van waar af kom ek en waarheen is ek op pad?
- Waarheen beweeg ons as gesin, as gemeente, as volk?

Daar is inderdaad verskillende paaie om op te loop. Word ons nie dalk meegevoer deur vreemde elemente nie.

Daarom - Staan ook stil op jou pad, dit is 'n bevel in hierdie voortjagende lewe. Staan jy nog stil vir elke dag se huisgodsdienst. Kom jy elke Sondag nog tot stilstand in 'n erediens? God se vir jou STAAN op die weë.

Die tweede bevel: ***En kyk***

Dit beteken hou fyn dop watter paaie loop waarnatoe en wat is die konsekwensies van watter pad. Daar moet geëvalueer word. Ons moet krities kyk. Eerstens na onself, na ons eie optrede en dan ook na die optrede van ander. Ons moet in geloof die gebeure van elke dag toets met die liniaal van God se Woord. Niks mag sommer vir soetkoek opgeëet word nie, want dan beteken dit ons kyk nie goed nie.

Die derde bevel is: ***En vra na die ou paaie.***

Dit beteken dat ons doelbewus moet uitvind wat die Here oor sake sê. Ons moet die Bybel met

aandag lees en bestudeer. Daarby moet ons bid vir insig en wysheid sodat die Heilige Gees die Woord van God vir ons sal duidelik maak. Vra na die ou paaie en kry so duidelikheid oor kwellende vrae. Moet nooit jou skouers in onkunde optrek nie.

Die 4de bevel: **Wandel op die ou paaie.**

Dit beteken: Leef volgens die wil van God. Pas God se onveranderde beginsels toe in die wêreld waarin jy leef. Wys die koers ook vir die mense om jou aan - veral vir hulle wat totaal verdwaald op die donker paaie van ongeloof lewe.

Om op die ou paaie te wandel beteken nie om outyds te word nie. Inteendeel, ons moet die aarde bewoon en bewerk. Ons moet op die voorpunt van vooruitgang wees en sodoende nie agter die tyd raak nie. Maar dit kan en moet steeds op die ou paaie bereik word, m.a.w. in gehoorsaamheid aan die wil van God.

Hierdie viervoudige opdrag is vir ons **VANDAG** verskriklik belangrik. Want wat is vandag die oorheersende neiging - in watter atmosfeer leef ons. Die ou beproefde paaie word opgebreek en allerlei nuwe en sg. opwindende paaie word gebou. Enigiets wat nuut en anders is, is reg. Daar word nie meer gehandel en besluite geneem volgens die bekende en vaste fondament wat God in sy Woord vir ons gee nie. Nuttigheid, gerieflikheid en menslike voorkeure en ook die gevoel van die meerderheid gee die deurslag as daar besluite geneem word.

Ware kerk- en ware volkwees vir die Here is nog al die jare daaraan geken dat daar vasgehou is by die ou en duidelike pad wat die Woord van God aandui. Dit staan teenoor diegene wat aanspraak maak op menslike belewenisse en wat vanuit 'n bepaalde gevoel of opinie standpunt inneem.

Die vraag is:

Beweeg ons nog almal op dieselfde pad of bepaal die veranderlikheid en die spitsvondigheid van mense nou die pad wat ons gaan inslaan.

Die HERE se oproep spreek ons direk aan. Ons moet weer erns maak met die HERE se weë wat vir alle tye geld en wat altyd vastigheid gee. Hierdie vastigheid kom duidelik na vore in **DIE BELOFTE** wat die HERE ons hier in 'n kort sinnetjie gee. *“En julle sal rus vind vir julle siel.”*

Die mens wat die HERE se paaie soek en daarin wandel sal rus vind.

Die Here Jesus neem die belofte oor in Mt. 11: *“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele. Want My juk is sag en My las is lig.”*

Vir ons as sondaarmense wat so geneig is om ons eie doodlooppad te loop, is daar nou die blye evangelie van Jesus Christus. Hy het die ou paaie voluit kom bewandel. Hierdie pad was 'n pad met 'n geweldige las. Hy moes die wet in ons plek volkome gehoorsaam wees. Boonop het Hy vanweë ons ongehoorsaamheid die toorn van God oor ons sonde op Hom geneem. Vir Hom het dit gekos die pad deur 'n krip in Betlehem en oor Golgota en sy vervloekte kruis, ja tot in die dood en die graf. Sy pad het egter voortgegaan met sy opstanding uit die dood en graf en die hemelvaart. Daarmee het Hy ons sondeskuld betaal en aan ons die Heilige Gees geskenk sodat ons ware rus by God kan vind en ook weer kan terugkeer na die ou paaie. Ons het geen verskoning om nog ons eie pad te wil loop nie.

Jesus Christus is nou ons Pad - Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

Die wat noukeurig navraag doen na die ou paaie van die HERE en dit bewandel, trek vir hom- of

haarself die juk van Jesus aan.

U ken die negatiewe opmerkings en die valse beskuldigings wat mens moet verduur as jy die ou paaie van die HERE opsoek, of te wel as jy Jesus se juk dra

Maar die juk is sag en die las is lig as jy in gedagte hou waarheen die pad jou lei. Dit bied nie alleen net nou rus vir jou siel nie. Dit lei jou na die nuwe aarde onder die nuwe hemel waar die volkome rus in die HERE vir ewig gesmaak sal word.

Vir elkeen wat staan, en kyk en vra, is die ou paaie van die Here nie onduidelik nie. Nie vir Jeremia nie, ook nie vir Maarten Luther en vir 'n Johannes Calvyn nie, ook nie vir die Voortrekkers nie. En ook nie vandag vir jou en my nie.

Die Here gee ons in die opgestane en oorwinnende Christus die krag en moed om die pad enduit te bewandel, ongeag die kritiek en die teenstand. En wat 'n wonderlike uiteinde is daar op die pad. Daar sal geen pyn en geen tranes meer wees nie

Daarteenoor kan jy ook maar net staan en kyk na al die nuwe uitgedinkte paaie wat mense inslaan en jy sien die kommer en die onrustigheid. En as jy goed kyk sal jy ook die verskriklike uiteinde daarvan raaksien. Daar sal 'n geween wees en gekners van die tande. **AMEN**

ANTWOORDDIENS

13. Dankgebed:

14. Slotpsalm: Psalm 68:9

Geloofd sy God met diep ontsag,
want Hy oorlaai ons dag aan dag
met ryke seënninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys,
die God van saligheid nie prys,
met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid
versterk ons in die dag van stryd
en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood,
selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewe.

15. Die gebed om God se seën:

Mag die genade van ons Here Jesus Christus; en die liefde van God, ons Vader; en die gemeenskap van die Heilige Gees by en met ons almal wees. **AMEN.**

DIE GELOFTE

Hier staan ons
voor die Heilige God van hemel en aarde
om 'n gelofte aan Hom te doen, dat,
as Hy ons sal beskerm
en ons vyand in ons hand sal gee,
ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag
soos 'n Sabbat sal deurbring,
en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig
waar dit Hom behaag,
en dat ons ook aan ons kinders sal sê
dat hulle met ons daarin moet deel tot
nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte.
Want die eer van Sy Naam sal verheerlik word
deur die roem en die eer van oorwinning aan
Hom te gee.